DIE GEREFORMEERDE
Vroueblad
NOVEMBER 2018

AMEN IN AANBIDDING

Amen en aanbidding

In die tuin

Gemeentekuier: GK Vredenburg/ Saldanha

PRYSE (per tydskrif):
SELF-AFHAAL: R 20-00
GROEPE (POS): R R29-19
INDIVIDU (POS): R31-37
ELEKTRONIES: R10-46

www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Inhoud

November 2018

Gereeld

3 Redakteursbrief
4 Lidmaatpraat
5 Sodat my huis kan vol word: Evangeliseer in en deur die erediens

In-diepte

6 Wat beteken die woord "amen"?
8 Amen in aanbidding
10 Die amen van die kerk op God se besondere openbaring

Leefdinge

12 Ouers se amens
14 Teks & Vers: Amen
15 Teks & Vers: Dagboek
16 Boekeblad: Twee resensies deur Annamie Odendaal
18 Bybelse berading: Dr. Trudie
20 Amen. Alfa en Omega.
22 In die tuin
24 Gemeente-Mosaïek: Ons kuier by Die GK Vredenburg/Saldanha
26 Gemeente-Mosaïek: Saamtrekstreke 2019
27 Bybelstudie Saamtrektema 2019 (3)
28 Resepteblad: Ouma Koekie se soetkoekies
29 Lees in Desember 2018/ Januarie 2019
29 Gemeentedagboek
29 Intekenvorm
30 Hartskatte
31 Die mens, geskape verhoudingswese: Die wet en respek
32 Kaleidoskoop November 2018

REDAKSIEKOMMISSIE:

REDAKTEUR	Cobie Steyn
ASSISTENTREDAKTEUR	Vakant
GRAFIESE ONTWERP EN UITLEG	Karien Brink
SEKRETARESSE	Marlette van Rooyen
WEBREDAKTEUR	Grietjie Prinsloo
ADDISIONELE LEDE	Ds. Johan Botha & Annamie Odendaal

Posadres:
Die Redakteur: Die Vroueblad, Posbus 178, Lydenburg 1120, Faks: Die Vroueblad 086 714 6157
E-pos adres: Cobie Steyn, cobiesteyn@live.com
Internetadres: www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Navrae: Rekenings, adresveranderings, intekening, bladbouers:
Me. Angie Mokobi: Tel (018) 297 3986, tydskrifte@gksa.co.za

Eienaars en uitgewers: Deputate Kerklike Tydskrifte GKSA

Intekengeld:
VROUEBLAD (SELF AFHAAL BY ADMIN BURO, POSGELD UITGESLUIT): R 220 per jaar
• ELEKTRONIESE INTEKENING: R115 per jaar
• VROUEBLAD (IN GROEP NA DIE GEMEENTE, POSGELD INGESLUIT): R 321 per jaar
• VROUEBLAD (WORD GESTUUR, POSGELD INGESLUIT): R 345 per jaar
HIERDIE TARIEWE GELD VANAF 1 JULIE 2018 TOT 30 JUNIE 2019.
(Intekening word as voortgesit beskou solank dit nie gekanselleer word nie.)

Drukkers: V&R Drukkers, Tel 012 333 2462, ISSN 0378 407 X

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA

Ander publikasies van die GKSA:
- Die Kerkblad
- Die Slingervel (Laerskoolkinders)
- Die Kruispad (tieners en jongmense)

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
E-pos: cobiesteyn@live.com
Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad
Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek ons *Facebook*blad – Grietjie gee elke dag 'n bemoedigende gedagte vir die dag. Gesels saam en leer daar geloofsvriendinne ken. Wat dink jy van die kort, klein woordjie *Amen*?

JAARGANG 73 NOMMER 6

AMEN

— brief van die redakteur —

VROUEBLAD

AMEN

Ewig, onbegryplik' Wese,
U die Vader, Seun en Gees,
Heer, leer my U ken al beter,
u gehoorsaam kind te wees.
Ons wil sing van al u liefde;
in u waarheid wil ons juig.
Amen! Blye evangelie!
Amen, bly my hart getuig!
(Lied 260)

Geloofsvriendinne,

November 2018… die jaar is so te sê agter ons. Ons begin nou kyk waar die swembroeke is, en as jy die sakie opgespoor het, pas jy dit stilletjies aan wanneer daar niemand anders in die huis is nie – net om seker te maak jy sal nog in staat wees om daarmee in die openbaar te verskyn. Ons begin dink en beplan waarheen ons vir die Desembervakansie gaan, of ons begin planne uitdink oor hoe ons dit lekker gaan maak by die huis. Vir hierdie lang lekkerte van rus en kuier en dalk son en see en strand, het Ronel Britz 'n outydse koekieresep gegee – en as ek so na die hoeveelhede van die bestanddele kyk sal daar genoeg wees vir die familie én vriende wat wil kom kuier en koffie drink.

Ek onthou nog hoe opgewonde ek was toe ons hierdie jaar in Maartmaand begin het om die letters van ons naam "Vroueblad" te gebruik vir ons temas van elke maand: Vrymoedig; Redding; Opstaan; Uniek; een Ewige; Bedagsaam; Lewe 'n loflied… en nou is dit hierdie maand al die tweedelaaste letter: Amen.

Oor hierdie kort woordjie "Amen" het ek soms my bedenkinge gehad… wat kan tog daaruit voortspruit? 'n Kort, klein woordjie wat ons so baie in die Bybel raaklees, wat ons daagliks hoor en gebruik wanneer ons bid, wat ons mos wéét beteken: dit is waar en seker! Maar ek was verkeerd. 'n Ryke verskeidenheid artikels – IN DIEPTE-artikels en LEEFDINGE-artikels –het in 'n gees van ootmoed en aanbidding uit 'n groep entoesiastiese skrywers se penne voortgevloei en die woordjie "Amen" 'n reënboogryke kleurskakering gegee. Ek hoop elke leser geniet die lees van die tydskrif net so baie as wat ek dit geniet het om die artikels persgereed te kry.

Mag ons as gelowige kinders van die Here só leef dat mense wat die Here nog nie ken nie, sal sien dat ons nie net *Amen* sê in ons gebede en eredienste nie, maar dat ons ook *Amen* lewe en dat ons ook met so 'n geloofseker lewenswyse ander mense nader na Hom toe sal trek.

Ons harte gaan uit na Annamie Odendaal, ons boekresensent - haar skoonseun, Ben, is oorlede aan kanker. Ons dra ook Annamie se dogter Ria en haar twee kindertjies aan die Here se genade op. Mag Hy vertroos deur sy Gees.

Christusgroete
Cobie Steyn

Ons is op *Facebook*: Gereformeerde Vroueblad. Gaan *Like* ons!

Amen in aanbidding

DEUR DR. SJ (KOBUS) VAN DER WALT

Ons het ons drie kleinkinders wat op 'n plaas woon, sien grootword. Tydens ons kuiers het ons met huisgodsdiens om die groot kombuistafel gehoor hoe elkeen as klein kleutertjie eintlik met Pappa saambid. " En (vra ook God se liefde) vir die engele, en vir Portos (die hond), en vir Oupa en Ouma ..." het die kleutertjie bygevoeg wat Pappa hardop moes herhaal. Met die einde van die gebed word daar opgewonde saam "amen" uitgeroep.

LIDMAATPRAAT:

Ronel Venter: Amen is die mooiste woord. Amen wil sê: dit is waar en seker. My gebede is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek van Hom begeer. Met amen vra ek vir God dat sy wil – en net sy wil – moet geskied. Ek weet verseker dat my gebede deur God verhoor word. In 2 Kor. 1:20 staan geskryf Jesus is die "ja van God" (vlg. vers 19): "Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons" (1953-vertaling).

'n Klomp jare gelede sit ek as 'n student in een van die klaskamers van die Teologiese Skool in Potchefstroom en ek hoor hoe een van ons professore sê: " En aan die einde van die preek behoort elke lidmaat in sy hart saam "amen" te kan sê, want daarmee bely hy die prediking wat hy gehoor het, is die waarheid volgens God se woord en ek wil dit omhels en in my hart wegbêre".

So oorspan "amen" jou lewe. Vanaf jou kleinwees-jare tot met jou oudag. Dit loop met jou saam sonder om kieskeurig te wees. Dit weerklink soms hardop en soms saggies in jou hart. Dit is daar in 'n eenvoudige plaaskombuis, daar waar jy kniel in jou slaapkamer, in die stilte van die veld toe jy God se handewerk bewonder, in tye van bangwees en kommer, in die rumoer van die eksamenlokaal tot in die aanbidding van die erediens toe God se genade jou omvou.

'N WOORD WAT BAIE SÊ

"Amen" is 'n woord met 'n verskeidenheid van betekenis-inhoud – net soos 'n diamant met sy baie geslypte vlakke. As jy na "amen" se voetspoor in die Bybel kyk, dan is "amen":

- 'n Opborrelwoord waarmee gelowiges aan lofuitroepe vir die Here God deelneem en aan die einde dit met die uitroep van "amen" onderstreep.
- 'n Oproepwoord wat 'n oproep op jou aandag en gewete maak om aan die einde van die prediking saam met instemming "amen" te kan sê.
- 'n Oorgeewoord wat aan die einde van jou gebed alles in die hande van jou hemelse Vader oorgee met die wete dat dit in sy hande vas en seker is.
- 'n Vasmaakwoord wat 'n bepaalde waarheid soos 'n uitroepteken met 'n sekere "dit is so" vasmaak en bevestig.
- 'n Omhelswoord wat die uitspreek van bepaalde beloftes van die Here opnuut weer met kinderlike vertroue omhels.

Samevattend is dit duidelik dat "amen" eintlik 'n aanbiddingswoord is. Soos 'n tweeling hoort "amen" en aanbidding bymekaar. En aanbidding is godsdienstige eerbetuiging aan God veral in die erediens. Op hierdie stadium is 'n belangrike onderskeid van belang, naamlik "amen" en aanbidding en "amen" in aanbidding – beide as basiese elemente van die erediens. Hierna gaan ons infokus op die plek van "amen" en aanbidding in die erediens om daarna oor 'n verdere verdieping van "amen" in aanbidding na te dink.

"AMEN" EN AANBIDDING

Die erediens is die saamkom van die gemeente om God in 'n tweegesprek te ontmoet en te aanbid. In hierdie samekoms staan die ontmoeting met God sentraal waardeur God met sy kinders deur sy Gees en woord in 'n lewende gemeenskap tree sodat die gemeente Hom saam aktief kan aanbid. Die erediens is dus nie net 'n luister- of 'n leerdiens nie. Die gemeente is ook nie net 'n hoorgemeente nie, maar 'n kommunikeer-gemeente. Op grond daarvan dat die erediens in wese 'n tweegesprek van God en sy gemeente is, behoort lidmate 'n erediens nie net bywoon nie, maar moet hulle bewustelik met vreugde en oorgawe daaraan deelneem.

Voorbeelde in die Bybel en in die kerkgeskiedenis, veral tydens die sestiende eeuse reformasie, toon duidelik aan dat 'n stille of hoorbare "amen" tydens die erediens 'n belangrike tweegesprek-kenmerk van die gemeente se aanbidding met God was. Ook vandag nog is dit die geval in die eredienste van die Gereformeerde gemeentes in ons land.

- Daar is die "amen" as 'n bevestiging en toeëiening met die groetseën aan die begin. Dié "amen" is die eggo van aanbidding, want hier ontmoet ons die ewige God sonder begin en sonder einde en wat altyd dieselfde is. Ons aanbidding bind aan die eggo van die eeue.
- Daar is die "amen" aan die einde van die belydenis van ons gemeenskaplike geloof. Dié "amen" is die anker van ons aanbidding, want op hierdie geloofswaarhede kan ons vasstaan.
- Die "amen" na ons gebede is die rots van ons aanbidding, want ons weet met absolute sekerheid dat sy beloftes die vaste rots is waaraan ons kan vasgryp.
- Die "amen" na die prediking is die lamp van aanbidding en met die saam uitspreek (in stilte of hoorbaar) buig jy voor die woord as die lamp vir ons lewe.
- Die "amen" aan die einde van die wegstuurseën is die hande en voete van aanbidding. Daarmee sê jy dat jy hierdie erediens in jou daaglikse lewe wil voortsit. Met my hande en voete is ek in u diens. Hier is ek. Stuur my!

"AMEN" IN AANBIDDING

In Op. 3:14 word "amen" met 'n hoofletter geskryf, want Jesus Christus word die Amen genoem. Uit die verband is dit duidelik dat Hy die Amen genoem word, omdat Hy die geloofwaardige en ware getuie genoem word. Die betekenis van "amen" hier is dus iets van waarheid, egtheid en eerlikheid en toegepas op jou aanbidding in die erediens beteken dit dat aanbidding nooit 'n lewelose formaliteit mag wees nie – iets soos 'n koue roetine nie. Jy kan nooit "amen" met 'n leë hart of 'n dwalende gedagte uitspreek nie. In die erediens ontmoet ek die groot en ewige Amen, die koning van die kerk, my volmaakte verlosser. Daarom moet my "amen" in aanbidding getuig van vreugde, begrip en verdieping. Dit word gekleur deur oorgawe en bewondering en verootmoediging. Dit word verryk deur begeerte en voorbereiding en 'n egte liefdesverhouding met God. Dan weerklink my "amen" in 'n egte en eerlike aanbidding. V

Amen. Die Alfa en die Omega

DEUR HESTER VENTER

My sussie en swaer bly naby 'n pragtige dam op 'n privaat landgoed. Dis goedversorg, veilig en rustig. Teen laatmiddag word die voëltjies in die tuin gevoer. Daar die skerp ogies bespeur presies wanneer die saad in die voerder gegooi word. Dan sak daar 'n geveerde wolk toe op die maklike ete: massas vinke, duiwe, mossies, selfs houtkappers, en 'n laksman. Dis 'n plesier om die voëls dop te hou, en wanneer hulle uiteindelik weer wegvlieg om te gaan slaap, is daar nie 'n enkele saadjie oor nie. Ek hoop net dat elkeen wat daar aangedoen het, darem iets te ete gekry het. Die woorde van Psalm 84 kom dan by my op: "Die mossie vind 'n huis, o Heer. Die swaeltjies lê in nessies neer. En ek vind rus by U altare.".

Voëltjies lewe in die oomblik. Hulle kondig elke nuwe dagbreek met 'n vrolike gekwetter en getjirp aan, vir die wat ore het om te (wil) hoor. Hulle vlieg en hop die hele dag rond op soek na kos, en wat 'n ekstra bonus as daar 'n ete op die huis is.

- *AMEN op al die voëls wat ons Alfa en Omega geskape het. Hulle saai nie en hulle plant nie; hulle bekommer geensins oor die dag van môre nie.*
- *AMEN op die kiewiete – petite en baie dapper voeltjies. Hulle maak nes in die veld, en bewaar die mens of dier wat dit naby die kleintjies waag. Ek luister in die nanagstilte by die dam hoe hulle tekere gaan as daar 'n bedreiging naby is. In daardie klein voëltjiebrein is net een ding klinkklaar: Die kleintjies sal met hand en tand, of in hierdie geval met bekkie en kloutjies, beskerm word. AMEN op die instink van oorlewing, selfs al is jy hoe tingerig geskape.*

Tydens 'n Nagmaaldiens 'n paar jaar gelede, beland daar 'n verdwaalde swaeltjie in die kerk. Op en af het hy geswiep, natuurlik op soek na 'n uitkomkans. Ons dogter, met haar jammer hart vir mens en dier, was baie besorgd oor die voëltjie: "*Ag shame ag shame*, hoe gaan hy uitkom?"

Dis uiters onwaarskynlik, maar wat hierna gebeur het, is die reine waarheid. Daardie "*ag shame*"-voëltjie vlieg heen en weer oor omtrent honderd mense se koppe (dit was voor die diens begin het) en kom los sy wit blerts sekuur op Adele se voorkop. Ons almal weet daar is Tien Gebooie. Ek het daardie dag geleer van die brutale wilskrag om die elfde gebod toe te pas (met die grootste respek natuurlik): JY MAG NIE IN DIE KERK LAG NIE! SOOS IN GLAD NIE! ONDER GÉÉN OMSTANDIGHEDE NIE!

Vanselfsprekend was daar totale, (maar darem stille) chaos. Daardie groot, groen smekende oë vra: "Gee my net 'n *tissue*, gee my net 'n *tissue*." Maar met so 'n ma (op daardie histeriese stadium) het jy geen vyande nodig nie. Ek borrel so van die ingehoue lag, ek kry nie eers my handsak oop nie. Die hele bank, ons seun en sy vriendin, ons dogter se vriend, moes ysere selfbeheersing toepas.

Die verbouereerde swaeltjie het darem 'n ontsnaproete deur 'n oop venster gevind, en hopelik weer in sy nessie gaan neerlê.

- *AMEN op die liriese beskrywing van Psalm 8 (1933-vertaling) "O Here, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! U wat u majesteit gelê het op die hemele... As ek die hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat u toeberei het – wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?"*
- *AMEN op die Alfa en die Omega (die begin en die einde) wat ons geskape het en ons "weinig minder gemaak (het) as 'n goddelike wese" (vgl. vs.6) en die mense met eer en heerlikheid gekroon het. So lees 'n mens ons heers oor die werke van sy hande; Hy het alles onder ons voete gestel: "Skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld, die voëls van die hemel en die visse van die see, wat trek deur die paaie van die see" (vgl. verse 7-8). En daarom die ode aan God in vers 10: "O Here, onse Here, hoe heerlik is U Naam op die ganse aarde."*

Dit is ons, die kroon van die skepping, se Godgegewe verantwoordelikheid en plig om die hele natuur te versorg en te respekteer. Niks is vanselfsprekend nie, nie elke nuwe dag wat aan my lewe toegevoeg word nie. So ook nie gesondheid, my vyf sintuie, my werk, my gesin of finansiële voorspoed nie. Alles is suiwer genade. God is die Alfa en die Omega, die skepper van alles op die aarde, die hemelruim, die see en die veld.

AMEN op die voorreg van lewe, om deur ons handel en wandel die Alfa en die Omega te eer. V